Untitled Document

Hazeldean is dié voorstad van Pretoria wat die vinnigste ontwikkel. Tog is min van die nuwe intrekkers i

Charles Malleson het Hazeldean in 1944 van sy oom, Arthur Struben, gekoop. Charles se ma, gel

Om die aanloop tot die Mallesons se verhaal behoorlik te vertel, moet ‘n mens eers ‘n draai in die



‘Taken at the flood – the story of
Harry Struben’

Charles Malleson

.

Rhoda Malleson

.

Strubens

In 1850 het die 44-jarige Hollander, Kaptein Johan Marinus Struben, mariene-offisier in diens van die Nederlandse oorlogsvloot en later kaptein in die handelsvloot, na Suid-Afrika geëmigreer. In die 1860's het Johan poste soos Volksraadlid, Staatsekretaris en Weesheer in die Transvaalse regeringsdiens in Pretoria beklee.

Johan was die vader van Hendrik Wilhelm, bekend as Harry, en Frederick Pine Theophilus, bekend as Fred. Dit is dié twee broers wat beroemd geword het toe hulle die eerste goud aan die Witwatersrand ontdek het.

Harry Struben het in 1860 'n vervoeronderneming tussen Pretoria en Natal begin. Met die wins van dié onderneming, het hy in 1862 'The Willows', geleë langs 'n buurplaas genaamd Hazeldean, gekoop.

Harry is in 1868 met Mary Cole, dogter van die Reverend William G Cole van 'Trinity College' in Dublin, getroud. Drie van haar susters en 'n halfsuster het hulle ook in die Pretoria-distrik gevestig en is hier getroud. Isabella Louisa Cole is getroud met Albert Brodrick, wat die ou boere Albertus Broodryk gedoop het, van 'Hole in the Wall'-faam, Pretoria se eerste kuierplek op Kerkplein. Alexa Cole is getroud met James Rous, uitgewer van De Volkstem; dan was daar 'n suster wat met 'n Fraude getroud is, en halfsussie Olivia Selina Fry, wat in 1859

met John Lys getroud is. John is in 1866 tot die Volksraad verkies, hy het twee mynboumaatskappy in die lewe geroep, is in 1878 aangestel as landdros van Pretoria en was ’n direkteur van Field en Nephew.

Die noordekant van die gewelhuis wat vanaf die N4 snelweg gesien kan word

Kinders

Ses van Harry en Mary Struben se sewe kinders is op ‘The Willows’ gebore. Harry het later die buurplaas, Hazeldean, ook aangekoop. Toe Harry in 1915 oorlede is, het die seuns almal eiendom geërf en die dogters kontant. Hulle seun Arthur het Hazeldean geërf.

Daardie jare is water vir ‘The Willows’ se gebruik met ‘n leivoor dwarsdeur Hazeldean vanaf die Pienaarsrivier gebring. Hazeldean was die suidelike helfte van die oorspronklike plaas Zwartkoppies 364 JR. Sammy Marks het die gedeelte van die plaas noord van die Pienaarsrivier besit.

Die suidelike deel van die plaas het rofweg van oos tot wes vanaf die

Mooiplaats-grondpad tot by Hans Strijdom-rylaan gestrek. Van noord tot suid het die plaas rofweg vanaf die Pienaarsrivier tot by Lynnwoodweg-verlenging gestrek.

Voor Charles Malleson die plaas in 1944 van sy oom Arthur gekoop het, het Arthur blykbaar reeds dele van die plaas, soos die deel waar Silver Lakes en Silver Oaks vandag is, verkoop.

Die huis se pragtige tuine in 1960

Stellenbosch

Charles was tot in die 1940's 'n ywerige boer op die plaas 'Ida's Valley' in die Stellenbosch-distrik. Hy het sy eerste Ayrshire beeste reeds in 1920 aangekoop. Toe sy ouers in die vroeë 1940's oorlede is, het hulle die plaas in drie gedeel en aan Charles en sy twee susters agtergelaat.

Charles was die jongste en het 'n deel van 'Ida's Valley' geërf waarop daar geen geboue was nie. Hy het besluit om sy derde van die plaas te verkoop en het sy beeste en al sy plaasimplemente op 'n trein na Pretoria gelaai.

Dié trektog het blykbaar vier dae lank geduur en die trein moes drie keer ‘n dag gestop word sodat die koeie gemelk en gevoer kon word. Charles was getroud met Rhoda, ‘n nooi Kotzé, en hulle het twee seuns gehad, Harry en Ivan.

Toe die gesin op Hazeldean aankom, het hulle in die ou opstal, wat die Mallesons vandag nog die rooidak-opstal noem, gewoon. Die huis staan steeds en is ‘n tipiese ou Transvaalse plaasopstal met sy spits-sinkdak. Die lang, reguit huis is in vier gedeel – die gesin het in twee vertrekke gewoon, die derde deel was vir die koetse en die vierde deel om steenkool te stoor. Daar was ‘n buite-kombuis en -toilet.

Charles het ‘n kombuis en badkamer aangebou en in 1944, op die ouderdom van 42 jaar, weggespring om die groot opstal met die Kaaps-Hollandse gewels te bou. Dié opstal het oor die dekades ‘n landmerk vir reisigers geword en kan van die N4-snelweg, net oos van Silver Lakes, gesien word.



Die ou skuur wat deur Charles Malleson gebou is

.

.



Die skuur is volgens die luik-metode gebou waar ‘n soort hok eers gebou word waarin klippe gepak wo

Opstal

Die opstal se gewels was ‘n namaaksel van ‘Ida Valley’ se plaashuis en Rhoda het die ingewikkelde patroon met die hand op papier geteken. Hulle moes dié Kaaps-Hollandse huis met ongeskoolde arbeid in die Tweede Wêreldoorlog, toe daar ‘n groot skaarste aan boumateriaal was, oprig.

Op dié manier is al die deure en vensterrame van die huis tweedehands bekom. Dit was moeilik om sement in die oorlogjare te kry en modder is gebruik om die bakstene aan mekaar te heg, sodat die bietjie sement wat daar was gebruik kon word om mee te pleister. Hulle sê dit is hoekom die huis se buitemure almal drie baksteenlae dik is en die binnemure twee baksteenlae.

Die huis het vandag nog sy oorspronklike sinkdak en die dakbalke is steeds die bloekompale wat Charles self gesaag het. Die houtraamvensters aan die huis se voorkant is in die 1980’s vervang en in die middel 1990’s is die res van die huis se vensterrame vervang.

Die huis, skuur en koeistalle, waar 100 koeie met die hand gemelk is, is in 1945 voltooi.

Die skuur is met ‘n luik-metode gebou waar ‘n soort hok eers gebou word waarin klippe gepak word, en sand en kalk daarna ingegooi is om die klippe aan mekaar te heg.

Die noordelike gewel dra die datum 1945

.

.

.

Die duiwehuisie wat Charles gebou het en later toegemessel het toe die duiwe op die dak begin

Seuns

Charles het tot in 1972, toe hy ‘n beroerte gekry het, op Hazeldean geboer. Daarna het sy twee seuns, Harry, getroud met Anna, ‘n nooi Benecke, en Ivan, getroud met Suzanne, ‘n nooi van Der Byl, die bestuur van die plaas oorgeneem. Dié broers het beide ingenieurskwalifikasies van Wits Universiteit gehad.

Hulle het begin fokus op die melk van die Ayrshire-stoet wat hulle pa in 1920 in Stellenbosch begin ophou het. In November 1978 het die broers ‘Milkyway Dairy’ begin en aanvanklik melk in die onmiddellike omgewing verkoop.

In 1988 is ‘n groot mylpaal bereik toe die Milkyway handelsmerk Ayrshire melk aan Woolworths begin verskaf het. In die vroeë 1990’s het die ondernemings beweeg van ‘n vennootskap tussen die twee broers na die registrasie van twee maatskappye – Milkyway in 1991, en Hazeldean Farm in 1994.

Die Mallesons het die grootste Ayrshire-stoet in die land opgebou en het deurlopend meer as 800 koeie drie keer per dag gemelk. Daar was selfs ‘n tyd toe hulle 950 koeie per dag gemelk het en Milkyway het ‘n verwerkingsfabriek op die plaas opgerig.

In 1995, met die eeufeesviering van die Witwatersrandse Landbouvereniging se skou, het een van die Mallesons se beeste, Milkyway Loretta 4, die goue beker verower. Sy het beide die Ayrshire-kategorie en die oorkoepelende inter-ras kategorie gewen.

Die oorspronklike ‘rooi-dak’ opstal. ‘n Stoep is later aan die voorkant van die huis toegebou

Generasie

Harry se seun Frederick, as die derde generasie Mallesons wat op die plaas woon en werk, se betrokkenheid by die besigheid het in 2000 begin. Harry en Ivan het tot in 2008 op Hazeldean geboer, toe hulle die Ayrshire-stoet na ‘n plaas in die Middelburg-distrik getrek het en aandele in die fabriek aan Nkunzi verkoop het.

Dié stoet is later aan verskaffers van die Nkunzi Milkyway verwerkingsfabriek verkoop, sodat die handelsmerk steeds melkprodukte van die oorspronklike stoet verkoop.

Die plaas Hazeldean val vandag binne die stadsgrens en groot gedeeltes is reeds ontwikkel as die voorstad Hazeldean. ‘n Deel van die plaas, naaste aan die Mooiplaats-grondpad, word aan ‘n boer verhuur wat sy beeste daar laat wei.

Die deel waar die historiese ou opstal en 1945 se gewelhuis en skuur is, gaan uitgehou word om ‘n bestemming te skep. Frederick wil die ou skuur en Kaaps-Hollandse gewelhuis in ‘n plek ontwikkel waar troues en konferensies gehou word. Hy het opwindende lang-termyn planne vir boeremarkte, vlooimarkte, fietsroetes en wandelroetes op dié historiese ou plaas.

‘n Olieverfskildery van die ingang na die huis

‘n Olieverf skildery van die skuur in vergange jare